Ges. 2: 1, 3. Die Deel van Kerkl. Tug. K/P |21. 10. 56.

" 11: 1, 2. 1 Kor. 5: 1-13.

" 36: 4, 5. Eseg. 36: 16-28

1 Kor. 5: 6 - Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie?

Ons het verlede week by d. agg. diens gewys op d. alg. wydverspreide wanbegrippe en verkeerde opvattinge by talle lidmate i.v.m. die saak van kerkl. tug. Probeer om aan te toon dat d. handhawing en toepassing van tug 'n opdrag v. God aan sy kerk is, dat dit lewensnoodsaaklik is vir die voortbestaan en gesonde groei v. d. kerk v. Xtus op aarde. Gewys waarom dit noodsaaklik is en wat d. wese daarvan is.

Vandm. 'n stap verder gaan en kyk wat d. deel van kerkl. tug is. Want voordat ons begin met d. toepassing van tug moet ons tog weet wat ons daardeur wil bereik!

In ons Kerkwet (art. 308) word gesê dat in kerkl. opsig word gehou en kerkl. tug word uitgeoefen met die doel:

I. Om d. eer van God te handhaaf
II. Om d. suiwerheid van die Kerk te bewaar en d. ergernisse uit die gemeente van Christus weg te neem
III. Om d. sondaar te behou en hom met sy Kerk en naaste te versoen.

Hd. onskeiding van d. deel v. kerkl. tug is afkomstig van Calvyn wat dit so duid. daargestel het op veelsoorte v. Gods Wd. Hoewel ons nie al 3 d. waarhede in een teks vind nie, kry ons al d. 2 Skrifgedeeltes wat ons gelees hd. gedagtes nie d. 2 Skrifgedeeltes wat ons gelees het en by name in 1 Kor. 5 waar Paulus 'n baie ernstige vermaning tot d. gemeente rig na aanleiding van hulle versuim om op te tree teen ernstige sedeloosheid in hulle midde. // Hy dl op dat in alle vermaning, teregwysing, bestraffing en tugtiging gaan dit:

I <u>Om d. eer van God:</u> Nooit mag ons vergeet dat in d. gemeente v. God, in al ons doen en late, in al ons bedenkinge en beslissinge moet ons voor en bo alle dinge stel: die eer van God! Want, so verseker Paulus ons in Efese 1:4, ons is in Xtus uitverkies van voor d. grondlegging v.d. wêreld om heilig en sonder gebrek voor Christus te wees in liefde. In beginsel is ons reeds, en in d. praktyk moet ons meer en meer word 'n gemeente sonder vlek en rimpel, rein en heilig voor d. aangesig van God. Dan moet deur d. tug alles verwyder word wat in stryd is m.d. eer van God, met sy heilige Woord en m.d. godd. karakter v.d. gemeente! Doen ons dit nie dan gebeur wat d. Here v Israel in Eseg. 36:20 – „hulle het my heilige Naam ontheilig deurdat van hulle gesê is: Hierdie mense is die volk v.d. Here, en hulle moes uit sy land uittrek". Doen ons dit nie dan word. d. wd v Paulus in Rom. 2:24 van ons ook skandelik waar: „Want d. Naam van God word om julle ontwil onder d. heidene gelaster".

→ Verstaan u nou dat in d. kerkl. tug dit nooit gaan om d. eer van d. predikant, d. kerkraad of om d. handhawing van uiterl. kerkl. gesag nie! Maar eerstens en bo al om d. eer van God! Die eer van Christus – en nie d. eer, die naam of die faam van mense nie!

II <u>Die suiwerheid v.d. Kerk:</u> Dink weer a.d. beeld v.d. suurdeeg. Paulus vermaan d. gemeente om d. ou suurdeeg uit te suiwer sodat julle 'n nuwe deeg kan wees (1 Kor 7). Ons weet almal dat 'n klein bietjie suurdeeg 'n groot klomp meel kan deursuur – uitwerking of ten goede of ten kwade. Verwys hier na d. eeue-oue Joodse voorskrif dat d. Jode alle suurdeeg voor d. Paasfees moes verwyder as simbool v.d. besoedeling v.d. lewe in Egipte wat hulle nie enig agter moes laat om in 'n nuwe geheiligde Godslewe Kanaän in te gaan.

So moet ook d. kerk deur d. handhawing v.d. tug d. ou suurdeeg v. sonde uithaal en verwyder. Anders duur dit net 'n klein tydjie v dd. werkende deur ~~wet~~ ons uitleerde en voorbeelde werk kragdadig die hele gemeente te besoedel!

① Dan moet d. tug daar wees om d. gemeente te bewaar. te waarsku (Ananias en Saffira) en te bewaar. Gebeur dit nie dan moet God d. gemeente kasty en tugtig. Dink a.d. gemeente in Korinthe (1 Kor. 11:30) waar d. Here d. gemeente straf met baie swakhede en siektes en selfs 'n groot aantal sterfgevalle as gevolg v.d. misbruike ingesluip tyd. liefdesmaaltye!

② Maar d. tug help ook om veral d. jongmense wat belydenis v. hulle geloof kom doen 'n dieper begrip te laat kry v.d. hoë en heilige roeping v.d. kerk!

→ En as 'n gemeente en 'n kerk nou maar die Sakramente laat ontheilig: as mense kom kinders doop wat selde of ooit i/d kerk kom, as mense kom Nagmaal gebruik wie se openbare lewe getuig van dronkenskap, gierigheid, oneerlikhd, onsedelikhd, afgodery, dobbelary, Sabbatsontheiliging ens. – wat bly dan dan oor v.d. heilsame suurdeeg v.d. Evangelie as wd v Verlossing? Hoe kan ons dan verwag dat d. kerk suiwer moet bly, d. Bruid v.d. hemelse Bruidegom, as ons niks of min doen om hd suiwerheid te bewaar?

III Die behoud v.d. sondaar: met watter teerheid wys Paulus op d. 3e deel v. alle tug – die behoud en redding v.d. sondaar! (1 Kor. 5:5) Want God vind sy hoogste vreugde daarin dat d. sondaar hom van sy dwaling bekeer! // En daarom is d. groot deel van alle tug om d. sondaar tot skuldbelydenis voor God te bring sodat God hom sy oortredinge kan vergewe! Daarom is d. tug d. hoogste vorm van Christ. liefde. Nooit mag d. kerk deur d. tug d. gevallene verstoot, maar altyd meer moet die een doel uit wees: d. sondaar d. redd. hand te reik en op te hef uit d. slyk. Altyd moet d. tug as oogmerk hê om d. gevalle sondaar tot versoening m. God en m.d. kerk te bring. En as dit eenmaal sover kom dan juig d. kerk v. vreugde, dan word 'n jubellied gesing omdat sy weet dat 'n siel v.d. ~~sonde~~ dood gered is en 'n menigte v. sondes bedek is (Jak. 5:19, 20).

Daarom ook oordeel d. kerk nooit oor d. verborge motiewe v.d. hart nie! Daarom kan d. kerk nie bedienk nie (nie bidmate tug wat sondige dinge d. tug nyspring ? ~~nie getug word nie~~) nee: tug alleen sou dan daar waar: a) sonde is

b) sonde openbaar geword het – 'n ergernis en ~~aanstoot~~ vir d. Xt. gemeente (sigbaar)

c) in d. sonde hardnekkig volgehou en daarin deurgegaan word

→

→ Ons lyste